

Alhoewel die apostel in boeie is, kan die voortgang van die Woord nie gekeer word nie

Te midde van sy boeie en lyding is die evangelie wat lewe gee, só kragtig dat Paulus bereid is om dit alles te verdra, want hy weet niemand kan hom die lewe ontnem nie en niemand kan die evangelie bind nie. Sterwe is voortgaande lewe by Christus, want sy opstanding het die dood oorwin.

Wie die opstanding van Christus ontken, verloor hierdie sekerheid wat Paulus het en sy bestaan word 'n worsteling sonder hoop. Met die evangelie gryp Paulus terug na God se beloftes in die Ou Testament soos dit vervul is in Christus Jesus. Dit is 'n betroubare woord wat onvervals oorgedra moet word.

Hierdie evangelie wat Timoteus van Paulus gehoor het, moet hy opdra aan gelowiges wat dit verder kan verkondig. Die Woord van God wek lewe in die harte van mense en skenk aan hulle die volheid van lewe in gemeenskap met Hom. Daarom kan hulle lyde verduur ter wille van die uitverkorenes.

Nadat Paulus Timoteus aangespoor het om as goeie soldaat ontberings te dra, om as atleet volgens die reëls deel te neem en as boer eerste 'n deel van die oes te kry, kom hy terug na die evangelie van lewe. Jesus is die nakomeling van Dawid, dus is Hy volledig mens gebore volgens die beloftes van God. Hy is terselfdertyd God en het die dood oorwin om aan ons dié lewe te skenk.

Hierdie evangelie van lewe gee die lewenskrag om baie dinge te verdra. Hy is in gevangenis in boeie, maar weet dat die evangelie nie geboei kan word nie. Daarom leef diegene wat saam met Hom gesterf het en sal saam met Hom leef in alle ewigheid. Volhard in hierdie geloof om saam met Hom te regeer in ewigheid. Moet nooit ontken dat jy Hom ken nie. Leef in die troos dat Hy so getrou is, dat Hy jou nooit sal verlaat nie, al val en struikel jy in swakheid. Hy is die lewe, en kan nie Homself verloën nie.

Sing: Skrifberyming 20-1:1, 3, 6, 7

Dr SJ van der Merwe (Mafikeng)